



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VERBRUIKERSTUDIES

## FEBRUARIE/MAART 2013

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye en 'n 2 bladsy-antwoordblad.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.

| AFDELING | | PUNTE | TYD (MINUTE) |
|---|---|---|---|
| A | Kortvrae | 40 | 20 |
| B | Voedsel en Voeding | 40 | 40 |
| C | Kleding | 40 | 40 |
| D | Behuising en Huishoudelike Toerusting | 40 | 40 |
| E | Teorie van Produksie en Entrepreneurskap | 40 | 40 |

2. AL die afdelings is VERPLIGTEND.

3. Beantwoord AFDELING A op die aangehegte ANTWOORDBLAD en plaas dit AGTER in jou ANTWOORDEBOEK.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

5. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

6. 'n Sakrekenaar mag gebruik word.

7. Skryf slegs met swart of blou ink.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.16) op die aangehegte ANTWOORDBLAD. GEEN punte sal toegeken word as meer as een kruisie (X) vir 'n antwoord verskyn nie.

VOORBEELD:

| A | B | C | D |
|---|---|---|---|

1.1.1 Die rente wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank gehef word op banke en instansies wat geld leen:

A Vasgestelde rente
B Repokoers
C Prima rentekoers
D Enkelvoudige rente (1)

1.1.2 Die maatreël wat gebruik word vir die bepaling van prysverhogings asook om die inflasiekoers te bereken:

A Verbruikersprysindeks
B Repokoers
C Rentekoers
D Inflasiekoers (1)

1.1.3 EEN van die volgende word volgens die Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008) toegelaat:

A Tweejaarlikse selfoonkontrakte kan outomaties hernu word
B Direkte bemarkingsaankope kan binne vyf besigheidsdae gekanselleer word
C 'n Maatskappy kan deelnemers aan 'n kompetisie R5,00 per sms vra
D Items kan voetstoots of op sigwaarde verkoop word (1)

1.1.4 Watter EEN van die volgende verbruikers het 'n grondige rede om te kla?

A Carole moes die vasgestelde prys by die haarkapper betaal.
B Die herstel van Prudence se wasmasjien het drie weke geneem, soos belowe.
C Na die herstelwerk aan Peter se broek was die regterbroekspyp korter as die linker een.
D Die koste om Stanley se kamera te herstel, was dieselfde as die gekwoteerde prys. (1)

1.1.5 Boedelbelasting is 'n tipe belasting wat op … betaalbaar is.

A die verkoopprys van 'n huis
B die produksie van verbruikersgoedere
C verdienste bo R60 000
D die bates van 'n persoon wat gesterf het (1)

1.1.6 Die belasting wat op enige salaris, loon, bonus, oortyd of enkelbedrag betaal word:

A Inkomstebelasting
B Indirekte belasting
C Voorlopige belasting
D Belasting op toegevoegde waarde (1)

1.1.7 Kies die stelling wat op 'n voedseletiket mag verskyn volgens die nuwe regulasies vir voedseletikette:

A Hierdie produk sal jou hardlywigheid genees.
B Hierdie produk sal jou gesondheid verbeter.
C Probeer hierdie heilsame produk.
D Hierdie produk het 'n verminderde vetinhoud van 3%. (1)

1.1.8 Kies die gedrag wat die meeste tot die verantwoordelike gebruik van water sal bydra:

A John was sy motor met 'n tuinslang op die plaveisel
B Thabo maak die grasperk met grys water nat
C Milly gebruik haar hand om water by die kraan te drink
D Sue bad in plaas van stort (1)

1.1.9 Oordragkoste is 'n belasting wat die regering hef op …

A maatskappye wanneer meubels van die een na die ander oorgedra word.
B werknemers wat van een werk na 'n ander verplaas word.
C 'n koper wanneer eiendom op sy/haar naam oorgedra word.
D die oordrag van huurkontrakte tussen twee huurders. (1)

1.1.10 Wie beheer, administreer en bestuur 'n deeltitelkompleks?

A Die huiseienaar
B Die eiendomsagent
C Die huisbouersraad
D Die regspersoon (1)

1.1.11 Die term wat gebruik word wanneer 'n produk baie keer, op verskillende maniere, gebruik word om die lewensduur van die grondstowwe te verleng:

A Herwinning
B Vermindering
C Hersiening
D Restourasie (1)

1.1.12 Indien 'n verband nie die volle koopprys dek nie, kan kollateraal in die vorm van 'n sekuriteit/waarborg vereis word, byvoorbeeld 'n …

A subsidie.
B versekeringspolis.
C bankstaat.
D salarisstrokie. (1)

1.1.13 Identifiseer uit die lys die dringendste instandhoudingsmaatreël, in terme van veiligheid, wat in die huis aandag moet kry:

A Druppende kraan in die kombuis
B Grasperk te lank en die voetpaadjies toegegroei
C Foutiewe elektriese bedrading
D Verf wat in die sitkamer afdop (1)

1.1.14 Watter EEN van die persone hieronder kwalifiseer vir 'n staatsbehuisingsubsidie?

A John verdien R3 000 per maand.
B Kagiso het 14 jaar gelede 'n staatsubsidie ontvang.
C Peter wil sy tweede huis koop.
D Sue verhuur haar huis aan 'n vriendin. (1)

1.1.15 Dit verseker 'n eiendom teen brand, vloede en ander natuurlike rampe:

A Verbandversekering
B Huisbewonersversekering
C Huiseienaarsversekering
D Korttermynversekering (1)

1.1.16 Die lyne in klere wat een vorm van 'n ander onderskei:

A Ontwerp
B Styl
C Silhoeët
D Beeld (1)

1.2 Pas die nutriënt-oormaat of -gebrek wat die voedselverwante gesondheidstoestand in KOLOM B veroorsaak, en die voedsel wat help om die gesondheidstoestand te bestuur in KOLOM C by die voedselverwante gesondheidstoestand in KOLOM A. Maak 'n kruisie (X) in die blokkies (A–F) en (i–vi) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.4) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.

| **KOLOM A**<br>**Voedselverwante gesondheids-toestand** | **KOLOM B**<br>**Nutriënt-oormaat of -gebrek wat die toestand veroorsaak** | **KOLOM C**<br>**Voedsel wat help om die toestand te bestuur** |
|---|---|---|
| 1.2.1 Diabetes | A kalsium | i voedsel met min sout |
| 1.2.2 Osteoporose | B koolhidrate | ii lae-GI-voedsel |
| 1.2.3 Laktose-allergie | C vet | iii laevet-voedsel |
| 1.2.4 Anemie | D yster | iv melkprodukte |
| | E proteïene | v rooivleis |
| | F natrium | vi sojamelk |

(8)

1.3 Uit die lys hieronder, identifiseer VIER riglyne om klere vir 'n onderhoud te kies. Maak 'n kruisie (X) oor die letters (A–H) langs die vraagnommer (1.3) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.

A Dra klere met helder kleure om raakgesien te word.
B Jy moet die nuutste mode-items dra.
C Klere moet skoon en netjies wees.
D Dra gemaklike klere wat goed pas.
E Wees eerder té opsigtelik geklee ('overdressed') as om onopsigtelik geklee te wees ('underdressed').
F Probeer om 'n professionele beeld uit te dra met die klere wat jy dra.
G Jou klere moet aandui dat jy by die werkomgewing sal inpas.
H Dra handelsnaammerke om status te wys. (4)

1.4 Uit die lys hieronder, kies VIER voordele van korporatiewe klere. Maak 'n kruisie oor die letters (A–H) langs die vraagnommer (1.4) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.

A Sal jou indiwidualiteit weergee.
B Sal positiewe eerste indrukke skep.
C Klere sal goed pas en gemaklik wees.
D Die klere sal lank gewild bly.
E Dit sal die werknemers geld spaar.
F Sal jou deel van die werkgemeenskap laat voel.
G Dit sal 'n beeld van die persoonlikheid van die werknemer projekteer.
H Dit sal 'n professionele beeld uitdra. (4)

1.5 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.8) op die aangehegte ANTWOORDBLAD neer.

1.5.1 Die proses waar presies bereken word hoeveel dit kos om 'n produk te produseer (1)

1.5.2 Die punt waar al die koste van die produk deur die verkope gedek word. Verkope na hierdie punt sal wins wees. (1)

1.5.3 Produk, Plek, Promosie en Prys (1)

1.5.4 Geld wat benodig word om 'n besigheid te begin (1)

1.5.5 Die dokument wat die beplande inkomste en uitgawes van 'n besigheid toon (1)

1.5.6 'n Groep wat as potensiële kopers van 'n produk geïdentifiseer is (1)

1.5.7 'n Klein kenteken of wapen/skild wat met 'n produk geassosieer word. (1)

1.5.8 Die addisionele koste wat 'n besigheid moet betaal om die produkte te produseer en die besigheid aan die gang te hou (1)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: VOEDSEL EN VOEDING

### VRAAG 2

2.1 Verduidelik elk van die volgende:

2.1.1 Glukemiese indeks (2)

2.1.2 Voedselallergie (2)

2.1.3 Wanvoeding (2)

2.2. Beantwoord die volgende vrae oor anorexia nervosa.

2.2.1 Noem VIER tekens wat aandui dat jou vriend(in) moontlik aan anorexia nervosa ly. (4)

2.2.2 Bespreek die geldigheid van die volgende stelling:

Die media is deels te blameer vir die voorkoms van anorexia nervosa onder baie tieners en jong volwassenes. (3)

2.3 Bestudeer die tabel hieronder wat die voedingswaarde van items wat vir middagete by 'n snoepwinkel te koop aangebied word, toon en beantwoord die vrae wat volg.

| Snoepwinkel-items | Porsiegrootte | Gemiddelde kilojoules per porsie | Proteïene (g) | Totale vet (g) | Versadigde vet (g) | Dieetvesel (g) | Cholesterol (mg) | Bygevoegde suiker (g) | Natrium (mg) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Pasteie | 170 g | 2 138 | 15,1 | 31,5 | 13,09 | 2,5 | 60 | 0 | 757 |
| Worsrolletjies | 165 g | 2 739 | 16,2 | 48,3 | 70,99 | 2,3 | 96 | 0 | 1 205 |
| Geroosterde kaas-, eier- en tamatie-toebroodjies | 1 elk | 1 476 | 14 | 18,6 | 7,9 | 3,5 | 41 | 0 | 565 |
| Geroosterde hoender-mayonnaise-toebroodjies | 1 elk | 1 516 | 24,4 | 14,6 | 2,4 | 2,6 | 40,7 | 1,2 | 468 |
| Worsbroodjies | 1 elk | 805 | 7,9 | 8,8 | 0,35 | 0,9 | 0 | 0 | 756 |
| Warm skyfies | 250 g | 3 193 | 10,8 | 37,0 | 4,7 | 8,8 | 0 | 0 | 495 |
| Biefburgers | 1 elk | 1 917 | 26,9 | 21,4 | 7,9 | 2,5 | 83 | 0,5 | 517 |
| Groen slaai | 245 g | 679 | 5,5 | 10,8 | 3,4 | 3,4 | 12 | 0,1 | 286 |
| Jellie en vla | 500 mℓ | 1 786 | 14,45 | 8,25 | 3,63 | 0 | 200 | 62,7 | 150 |

[Bron: *Die Suid-Afrikaanse Joernaal van Kliniese Voeding*, 2011 Volume 24, Nommer 3, September]

2.3.1 Identifiseer die snoepwinkelitem wat heel waarskynlik die hoogste glukemiese indeks het. Motiveer jou keuse met 'n verduideliking. (3)

2.3.2 Identifiseer TWEE moontlike allergene in die geroosterde kaas-, eier- en tamatietoebroodjie. Gee redes vir jou keuse. (4)

2.3.3 Kies die snoepwinkelitem wat die beste keuse sal wees vir 'n persoon wat aan vetsug ly. Motiveer jou antwoord. (4)

2.3.4 Vergelyk en gee redes vir die verskil in die totale vet- en veselinhoud van die geroosterde kaas-, eier- en tamatietoebroodjie en die geroosterde hoender-mayonnaisetoebroodjie. (4)

2.3.5 'n Persoon wat MIV-positief is, koop die biefburger en lemoensap vir middagete. Die biefburger bestaan uit 'n rolletjie, beesvleiskoekie en twee snytjies tamatie. Verduidelik waarom dit 'n geskikte keuse vir hierdie persoon is. (4)

2.3.6 Koronêre hartsiekte kan ontwikkel indien worsrolletjies dikwels geëet word. Evalueer die geldigheid van hierdie stelling. (8)

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: KLEDING

## VRAAG 3

3.1 Verduidelik waarom jy rente op 'n winkelrekening betaal. (1)

3.2 Hoe word 'n nuwe modeneiging bekend gestel? (4)

3.3 Bespreek hoe die verhoging van die petrolprys nuwe modeneigings kan beïnvloed. (4)


3.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Cheryl en Patrick, 'n 20-jarige tweeling, is albei studente wat as deeltydse werknemers by 'n drukkersfirma gaan begin werk. Nadat hulle die firma se kleredragkode ontvang het, het hulle hul werksklerekas beplan deur die items wat hulle reeds het, te gebruik. Hulle het nie geld om nuwe klere te koop nie. Cheryl sal klere by haar ouer suster kan leen.

Patrick het die klere-items hieronder in sy klerekas geïdentifiseer:




**Twee gholfhemde**




**Twee T-hemde**



**Een baadjie**






**Drie jeans** **Twee paar tekkies**

Cheryl het die klere-items hieronder in haar klerekas geïdentifiseer:



**Twee T-hemde**



**Een linne-onderbaadjie**



**Een baadjie**



**Een rok met dun bandjies**



**Een kortbroek**



**Drie langbroeke**



**Twee paar skoene**

3.4.1 Teken die tabel hieronder in jou ANTWOORDEBOEK oor en voltooi dit volgens die opskrifte (a) en (b):

| **(a) VIER STAPPE IN KLEREKASBEPLANNING** | **(b) VOORBEELDE UIT DIE SCENARIO** |
|---|---|
| 1.<br>2.<br>3.<br>4. (4) | 1.<br>2.<br>3.<br>4. (4) |

(8)

3.4.2 Beantwoord die volgende vrae oor klassieke style.

(a) Identifiseer DRIE tipes klere (skoene uitgesluit) in die scenario wat voorbeelde van klassieke style is. (3)

(b) Gee TWEE redes vir jou antwoord op VRAAG 3.4.2(a). (2)

(c) Noem en verduidelik die VYF fases van die modesiklus vir klassieke style. (10)

3.4.3 Evalueer die funksionaliteit van die werksklerekas wat ÓF Cheryl ÓF Patrick saamgestel het. (8)

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: BEHUISING EN HUISHOUDELIKE TOERUSTING

### VRAAG 4

4.1 Bestudeer die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> 'n Bejaarde egpaar gaan na 'n aftree-oord verhuis nadat hulle 39 jaar in dieselfde huis gewoon het. Hulle het nog nie 'n koper gekry wat die gevraagde prys van R950 000 vir hulle huis wil betaal nie, daarom het hulle dit aan 'n huurder verhuur, met die opsie om dit binne 'n jaar te koop. Die huis is in die man se naam geregistreer en die huis in die aftree-oord is 'n deeltitel wat in albei se name geregistreer is.
>
> [Aangepas uit *Sunday Times Business*, Oktober 2011]

4.1.1 Watter kontraktuele dokument bewys dat die huis in die man se naam geregistreer is? (1)

4.1.2 Wie is verantwoordelik vir die betaal van die kapitaalwinsbelasting wanneer die huis verkoop is? (1)

4.1.3 Gee VIER redes waarom dit belangrik is dat die huurder die huurkontrak deeglik moet lees voordat hy/sy dit teken. (4)

4.1.4 Verduidelik die moontlike redes waarom die egpaar besluit het om na die aftree-oord te verhuis. (4)

4.2 Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> **LAKE RIDGE**
>
> Kan jy die verbandpaaiement bekostig, maar het nie genoeg vir die deposito nie?
> Die eiendomsagent sal dit vir jou finansier!
> **Maak 'n afspraak om hierdie meenthuiskompleks te besigtig.**
> 'Bepalings en voorwaardes geld'
>
> [Uittreksel uit *Sunday Tribune PROPERTY*, September 2011]

4.2.1 Identifiseer die tipe behuising wat in die advertensie aangebied word. (1)

4.2.2 Haal 'n misleidende stelling in die advertensie aan. Gee EEN rede vir jou antwoord. (2)

4.2.3 By watter organisasie kan jy oor hierdie misleidende advertensie kla? (1)

4.3 Verduidelik hoe die hulp van 'n eiendomsagent 'n voornemende koper kan bevoordeel. (5)

4.4 Bestudeer die inligting oor skottelgoedwassers hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| SKOTTELGOEDWASSER A | SKOTTELGOEDWASSER B |
|---|---|
| 2 jaar-waarborg | 2 jaar-waarborg |
| 5 programme | 3 programme |
| Gebruik min water | Gebruik min water |
| Verstelbare rakke | Verstelbare rakke |
| Energievlak A | Energievlak AAA |
| Groot skottelgoedlaaier | |
| | Verskuilde element |
| 16 bord-kapasiteit | 12 bord-kapasiteit |
| Wit | Wit |
| 2 000 W | 1 500 W |
| Tweede warmspoelsiklus | |
| | Vlekvryestaal-binneruimte |
| Kontantprys – R3 989,00 | Was R4 999,00 nou R3 499,00 |
| Paaiement: R209 | Paaiement: R180 |
| Tyd: 36 maande | Tyd: 36 maande |
| R400 deposito | Geen deposito vereis nie |

4.4.1 Hierdie twee skottelgoedwassers het albei 'n twee jaar-waarborg. Verduidelik wat 'n *waarborg* is. (4)

4.4.2 Noem DRIE kriteria waaraan 'n verbruiker moet voldoen, om te verseker dat die voorwaardes van die waarborg nagekom word. (3)

4.4.3 Kies die skottelgoedwasser wat die beste keuse vir 'n groot gesin sal wees. Gee TWEE redes vir jou keuse. (3)

4.4.4 Gee redes vir die verskil in die kontantprys en die afbetalingsprys van skottelgoedwasser A. (4)

4.4.5 Evalueer die impak van albei skottelgoedwassers op die omgewing en kies EEN wat die mees omgewingsvriendelik is. (7)

**TOTAAL AFDELING D: 40**

## AFDELING E: TEORIE VAN PRODUKSIE EN ENTREPRENEURSKAP

### VRAAG 5

Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Zinzi het reeds op skool begin om tuisgemaakte produkte vir sakgeld te verkoop. Nadat sy meer vaardighede by 'n tersiêre instansie geleer het, het sy 'n verskeidenheid resepte en patrone getoets. Sy kon toe uitstekende produkte skep deur slegs die beste kwaliteit grondstowwe te gebruik. Toe meer klante haar produkte wou koop, het sy drie mense aangestel om haar te help. Sy het hulle gekies op grond van hulle vaardighede, toewyding, aanleg en passie. Die werkers is almal meesters wat uitstekende produkte skep, net soos Zinzi dit oorspronklik bedoel het. Die produkte word in klein hoeveelhede met die hand gemaak om kwaliteit te waarborg omdat haar klante van die persoonlike stempel hou.

Zinzi het 'n reeks geskep vir spesiale geleenthede soos Kersfees, Valentynsdag en Moedersdag. Die verpakkings vir hierdie reeks word spesiaal ontwerp om sprankel aan hierdie feesvieringe te verleen.

[Aangepas uit die Sally Williams-webwerf*:* www.sallywilliamsfinefoods.com]

5.1 Verduidelik waarom Zinzi 'n entrepreneur genoem kan word. (2)

5.2 Zinzi en elke werker het 'n dienskontrak geteken. Waarom is dit belangrik dat werkgewers en werknemers dienskontrakte teken? (2)

5.3 Noem TWEE tipes verlof waarop Zinzi se werkers geregtig is. (2)

5.4 Zinzi se werkers moet die spesifikasies wat vir elke produk vasgestel is, nakom. Noem VIER aspekte wat in die produkspesifikasies ingesluit moet word. (4)

5.5 Identifiseer AGT redes vir Zinzi se sukses uit die scenario. (8)


5.6 Verduidelik waarom die verpakking vir die spesialegeleenthede-reeks van die normale verpakking verskil. (3)

5.7 Zinzi produseer 'n verskeidenheid produkte. Dit kos R30,00 om een van die produkte te produseer. Dit sluit die koste van die grondstowwe in asook die oorhoofse koste. Haar winsgrens is 80%.

5.7.1 Bereken die verkoopprys van hierdie produk. Toon ALLE berekeninge. (4)

5.7.2 Bereken die totale wins wat Zinzi op hierdie produk sal maak as sy in een maand 200 verkoop. Toon ALLE berekeninge. (3)

5.8 Bestudeer die grafiek hieronder wat Zinzi se totale verkope per maand vir 2011 aandui en beantwoord die vrae wat volg.




5.8.1 Identifiseer die DRIE maande met die hoogste verkope. Gee 'n rede vir jou antwoord. (4)

5.8.2 Identifiseer die maand met die laagste verkope. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

5.8.3 Stel DRIE maniere voor waarop Zinzi moontlik haar verkope vir die maand wat in VRAAG 5.8.2 genoem is, kan verhoog. (6)

**TOTAAL AFDELING E: 40**
**GROOTTOTAAL: 200**

**ANTWOORDBLAD**

**SENTRUMNOMMER:**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**AFDELING A**

**VRAAG 1.1**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.2 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.3 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.4 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.5 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.6 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.7 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.8 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.9 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.10 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.11 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.12 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.13 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.14 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.15 | A | B | C | D | (1) | |
| 1.1.16 | A | B | C | D | (1) | |
| | | | | | **16** | |

**40**

Kopiereg voorbehou

**ANTWOORDBLAD**

**SENTRUMNOMMER:**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**AFDELING A**

**VRAAG 1.2**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.2.1 | A | B | C | D | E | F | (1) | |
| | i | ii | iii | iv | v | vi | (1) | |
| 1.2.2 | A | B | C | D | E | F | (1) | |
| | i | ii | iii | iv | v | vi | (1) | |
| 1.2.3 | A | B | C | D | E | F | (1) | |
| | i | ii | iii | iv | v | vi | (1) | |
| 1.2.4 | A | B | C | D | E | F | (1) | |
| | i | ii | iii | iv | v | vi | (1) | |
| | | | | | | | **8** | |

**VRAAG 1.3**

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.3 | A | B | C | D | E | F | G | H | (4) | |
| | | | | | | | | | **4** | |

**VRAAG 1.4**

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.4 | A | B | C | D | E | F | G | H | (4) | |
| | | | | | | | | | **4** | |

**VRAAG 1.5**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.5.1 | | (1) | |
| 1.5.2 | | (1) | |
| 1.5.3 | | (1) | |
| 1.5.4 | | (1) | |
| 1.5.5 | | (1) | |
| 1.5.6 | | (1) | |
| 1.5.7 | | (1) | |
| 1.5.8 | | (1) | |
| | | **8** | |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

Kopiereg voorbehou